'n Interessante aspek van hierdie boek lê in sy waarde as 'n voorbeeld van kontemporêre geskiedskrywing. Ten spyte van die verskillende agtergronde van die medewerkers, slaag die samestellers daarin om tot 'n sinvolle sintese te kom. Daar word onteenseglik aangedui dat SWAPO reeds in ballingskap 'n regeringsgestalte aangeneem het, maar dat dit nie 'n nalatenskap of alternatief vir die instellings wat deur die Suid-Afrikaanse regering geskep en nagelaat is, bied nie. Foute soos dit blyk uit die geskiedenis van SWAPO en wat destyds nie aangespreek is nie, het weliswaar 'n rol te speel in die party se benadering tot politieke eenheid hoewel dit nie sal kan voorkom dat sodanige probleme weer opduik nie.

Die hantering van bronne dien vermelding. Benewens literatuur uit 'n wye spektrum, vanaf radikale tot uiters konserwatief, van publikasies wat geraadpleeg is, is daar ook mondelige onderhoude gevoer. Hierdie respondente word in die eindnote van elke hoofstuk vermeld. Die algemene verwysingstelsel van die boek getuig van wetenskaplikheid en sluit aan by die analitiese trant van die navorsingswerk as geheel.

Die skrywers het inderdaad in hulle doelwit met die samestelling van dié publikasie geslaag. 'n Ware beeld van SWAPO is aan die leser gegee. Hierdie boek lewer myns insiens 'n belangrike bydrae tot die boeke wat reeds oor SWAPO verskyn het. Die hoofwaarde lê in die deeglike navorsingswerk en die kritiese en analitiese benadering van die samestellers wat al die verskillende subtemas suksesvol tot 'n geheel kon voeg.

*A.H.J. van Rooyen, Direktoraat Dokumentasiediens, Privaatsak X289, Pretoria 0001.*

## MILITARY NURSING IN SOUTH AFRICA, 1914-1994

***D.O. Stratford and H.M. Collins***

Softnet, Johannesburg : 1994
194 pages
illustrated
ISBN 0-9583950-1-2
no price

*Military Nursing in South Africa* is a pleasing paperback with a very modest yet striking cover. Its publication marks the 80th anniversary of military nursing in South Africa and is the product of the labours of two retired colonels who had seen years of service with the South African Medical Corps.

The work was started in the sixties by Colonel Dennis Stratford and during the years prior to his retirement, he produced a manuscript covering the




period from just prior to the Anglo-Boer War to about the 1920s. However, following his retirement to Durban, Colonel Stratford no longer had easy access to the military archives in Pretoria and the work stopped there.

Then in 1990, the Surgeon General, realizing the potential of the Stratford manuscript to fill an hiatus in our military history, commissioned Colonel Hazel Collins to bring it up to date and prepare it for publication. This was no easy task. Very few military nurses kept diaries or any other record of their experiences during the two world wars and the 23-year Southern African war (1966-1989). As a result, a large part of this record had to be obtained from life-history interviews and by means of correspondence.

Further complications resulted from Colonel Stratford's research methodology: his manuscript was not source-referenced. The verifying of his facts became an impossible task and instead of accepting the Stratford manuscript at face-value or commencing an entirely new work; the unfortunate decision was taken to delete that information from the final text which could not be substantiated by Colonel Collins. In view hereof, it is surprising that *Military Nursing*, itself, contains no source references. This is a most important hiatus, which is not remedied by the very concise and meagre bibliography.

*Military Nursing* traces the selfless service of hundreds of South African military nurses from the time of the Anglo-Zulu wars of the last century, through to the most recent "Bush" War. The book is a very readable account of the thousands of nurses, who

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 2, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

continually delivered a service of an exeptionally high standard despite the varying working circumstances (tents and makeshift accommodation, hospital ships and trains, and modern ambulance aircraft).

Although reasonably well illustrated, the book is not furnished with maps. In any history of this kind, maps are essential: they not only position geographical place names which may be relatively obscure, but also give the reader instant information with regard to distance and physical features (such as mountains, rivers and seas).

From a technical point of view, *Military Nursing* might have needed a little extra attention. The absence of a title on the spine lends anonymity and allows the book to "get lost" when placed on a shelf with numerous other volumes. There is, furthermore, no half-title page and an unfortunate number of spelling mistakes. A blurb, on the back cover, might also have been included to present either (or both) a summary of the contents or an introduction of the writers.

*Military Nursing* is essentially a chronicle with little to no appreciation made of the material and no discussion of afflictions and diseases suffered by South African troops in various theatres at different times. This material, now available to researchers, might have lent depth, colour and scope. Military Nursing, nonetheless, is the first step in the closing of a yawning gap in our military history and will provide a foundation for further research.

*Major I.J.van der Waag, Documentation Service Directorate, Private Bag X289, Pretoria 0001.*

## POTCHEFSTROOM KOMMANDO; HULLE WAS ALTYD DAAR, 1838-1990

***V.L. Hamilton-Attwell***

1995.
155 pp
prys onbekend

Hierdie publikasie verskyn op 'n stadium wat die kommando-stelsel weereens onder die soeklig is. In hierdie verband word daar verwys na die onlangse uitspraak van die ANC se parlementêre koukus, waarin die organisasie ten gunste is van die afskaffing van die kommando-stelsel, aangesien dit kwansuis regsgesindes akkommodeer (`Don't dismiss commando - officer', *Pretoria News* 12 September 1995). Daar moet egter onthou word dat die kommando's 'n groot bydra gelewer het in die handhawing van vrede tydens die verkiesings in April 1994. Hierbenewens is die kommando's ook aktief betrokke om die SAPD by te staan in die bekamping van misdaad veral in die plattelandse gebiede. Die waarde van die kommando's moet dus nie onderskat word nie.

Soos wat die skrywer in die inleiding noem, is hierdie boek gerig op diegene wat lid van die Kommando is of was en wie se lewe deur die Kommando geraak is. Die boek behandel die uitstaande gebeurtenisse wat die Potchefstroom Kommando se geskiedenis oor 'n tydperk van 150 jaar beïnvloed het. Alhoewel die boek fokus op die Potchefstroom Kommando, dek die bespreking veel meer as net die wel en weë van hierdie kommando. Daar word byvoorbeeld gekyk na die ontwikkeling van die kommandostelsel tot die vorm wat dit huidiglik aanneem : dit behels die behandeling van onder meer die Verdedigingsskietverenigings en die Skietkommandostelsel (hoofstukke ses en sewe).

Die outeur voer die ontstaan van die kommando's terug tot sover as die koms van Jan van Riebeeck in 1652. Die kommando-stelsel is gebore uit die behoefte van die koloniste om 'n verdedigingstelsel op die been te bring om hulself te beskerm teen invalle van die omliggende inboorlingstamme. Aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van die rangstelsel en struktuur van die kommando's. Die herkoms van sekere range soos Kommandant en Veldkornet word kortliks bespreek en verskaf interessante leesstof.

Die boek het 'n persoonlike inslag deurdat die aandag gevestig word op persone wat 'n besondere bydra gelewer het tot die Kommando, die medaljes wat deur lede van die Kommando ontvang is asook op die skietprestasies van lede tydens skietkompetisies (hoofstukke vier, vyf en sewe). Hier moet ook genoem word dat die skrywer vir 'n lang tydperk verbonde was aan die Kommando en ook bevelvoerder van die eenheid was.

Die inhoud van die boek word chronologies aangebied. Die invloed van politieke gebeure en die veranderinge in die kommando-stelsel op die Potchefstroom Kommando word logies aangebied in fases, naamlik fase een (1902-1948), fase twee (1948-1979) en fase drie (1980-1990).

Die teks word ondersteun deur talle foto's en kaarte wat onontbeerlik is om die visuele beeld van die eenheid tuis te bring. Die publikasie het ongelukkig nie 'n buiteblad wat die oog vang nie, maar die feit dat dit 'n hardebandomslag het, beteken dat die publikasie 'n lang raklewe sal hê. Die boek word uitgegee deur Lt kol V.L. Hamilton-Attwell, Posbus 21136, Noordburg 2522.

Wat die boek as naslaanwerk nuttig maak is die gebruik van voetnotas wat dit vir die navorser, wat